# Menseregte in **Gemeenskapsprotes**



south african human rights commission

# Menseregte in **Gemeenskapsprotes**

south african
human
rights
commission

# AGTERGROND

Baie van die protesaksies in Suid-Afrika het hul oorsprong in armoede en ongelykheid. Die strukturele en institusionele ongelykhede wat steeds in Suid-Afrika voorkom, vind grootliks vorm in onvoldoende toegang tot basiese dienste vir die armer sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. In baie gevalle het die gemeenskap deur protesaksie hulle frustrasie uitgedruk oor die langsame pas van verandering en nie-voorsiening van basiese dienste soos water, elektrisiteit en sanitasie. Hierdie protesaksies, wat algemeen bekend staan as diensleweringsprotesoptogte, het per geleentheid ontaard in destruktiewe en obstruktiewe gedrag, wat ander regte soos dié van basiese onderwys ondermyn het.

Daar word geraam dat Suid-Afrika elke jaar meer as 13 500 protesoptogte het, waarvan die oorgrote meerderheid niegewel[d]dadig is1. Die Staat se verpligting om die reg tot protes te respekteer, beteken dat dit mense nie onregmatig mag verhinder om te protesteer nie, maar dat hulle moet seker maak dat maatreëls in plek is om individue en groepe in staat te stel om hulle reg tot protes uit te oefen.


## Wat sê die Grondwet?

**Elke persoon het die reg om met ander bymekaar te kom en vryelik hulle menings op enige manier in die openbaar uit te druk en die beskerming van die staat te geniet terwyl hulle dit doen.**

**Artikel 17 van die Grondwet verklaar dat: almal die reg het om vreedsaam en ongewapen te versamel, te demonstreer, linies te vorm en petisies te oorhandig.**

**Die uitoefening van sodanige regte moet vreedsaam en met inagneming van die regte van ander plaasvind.**

[1] IInligting verskaf deur SAPD tydens die SAMRK se Nasionale Ondersoekverhoor oor die impak van protesverwante aksie op die reg tot 'n basiese onderwys in Suid-Afrika




## Wat is die regulasie van die Wet op Byeenkomste, 1993.

In Suid-Afrika word protesaksies van meer as 15 mense bepaal deur die Wet op die Regulering van Byeenkomste, 205 van 1993. Hierdie Wet is uitgevaardig om die hou van openbare byeenkomste en demonstrasies op bepaalde plekke te reguleer, en om voorsiening te maak vir kwessies wat hiermee saamhang.

Hierdie wetgewing reguleer sake wat geassosieer word met byeenkomste wat enige vorm van protes, geskil of kritiek op 'n openbare plek uitdruk.

Aansluitend by die Wet op die Regulering van Byeenkomste is Wet 15 van 2013 die Wet op Gevaarlike Wapens wat voorsiening maak vir sekere beperkings wat betrekking het op die besit van gevaarlike wapens.

## Wat is 'n openbare ruimte?

'n Openbare ruimte beteken enige straat of pad, 'n park, 'n openbare plein, die trappe of gronde van 'n gebou of ander soortgelyke ruimte.

## Kennisgewing om protes aan te teken

Jy hoef nie toestemming te vra om protes aan te teken nie, maar jy moet kennis gee dat jy dit gaan doen.

Artikel 3 (2) van die Wet op die Regulering van Byeenkomste maak voorsiening daarvoor dat die sameroeper nie later nie as sewe (7) dae voor die datum waarop die byeenkoms gehou gaan word, aan die betrokke verantwoordelike amptenaar kennis gee van die byeenkoms by die vroegste geleentheid wat verskaf word. Verder, indien sodanige kennisgewing minder as 48 uur voor die aanvang van die byeenkoms gegee word, mag die verantwoordelike beampte deur kennisgewing aan die sameroeper, die byeenkoms verbied.

Enige byeenkoms wat plaasvind sonder dat kennis gegee is, is 'n onwettige byeenkoms.

## Wat is 'n sameroeper?

Die sameroeper beteken enige persoon wat op sy eie gesag 'n byeenkoms saamroep, of enige persoon wat deur 'n organisasie of enige tak van 'n organisasie aangestel is om 'n byeenkoms te reël.

## Wat opgeneem moet word in die kennisgewing

Die volgende inligting moet by die kennisgewing ingesluit word:

- Besonderhede van die sameroeper
- Naam van die organisasie
- Doel van die byeenkoms
- Tyd, duur en datum van die byeenkoms
- Plek waar die byeenkoms gehou gaan word
- Verwagte aantal mense wat die byeenkoms gaan bywoon.

## Wat is die grondwetlike mandaat van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)?

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het 'n verantwoordelikheid om misdaad te voorkom, te bekamp en te ondersoek, openbare orde te handhaaf en die inwoners van die Republiek en hul eiendom te beskerm. Verder is dit aan die SAPD opgedra om die wet na te kom en toe te pas en 'n veilige omgewing vir al die mense in Suid-Afrika te skep. Die polisie moet ook enigiets wat die veiligheid van enige gemeenskap bedreig, voorkom, enige misdaad wat die veiligheid van enige gemeenskap bedreig ondersoek, seker maak dat kriminele voor die reg gebring word, en deelneem aan pogings om die oorsake van misdaad aan te spreek.

## Die rol van die SAPD gedurende byeenkomste en demonstrasies

**Indien 'n byeenkoms of demonstrasie gaan plaasvind, mag die polisie:**

- **Indien hulle gegronde redes het om te glo dat hulle nie voldoende beskerming vir die mense wat deelneem aan so 'n byeenkoms of demonstrasie kan bied nie, die sameroeper of sodanige persone dienooreenkomstig verwittig.**
- **Mense wat deelneem aan 'n byeenkoms verhoed om na 'n ander plek te beweeg of af te wyk van die roete wat in die betrokke kennisgewing of wysiging daaraan gespesifiseer is, of vir die verontagsaming van enige voorwaarde waarvan die hou van die byeenkoms afhang.**
- **Enige persoon of groep wat inmeng by die byeenkoms of demonstrasie beveel om sodanige optrede te beëindig en op 'n afstand van sodanige byeenkoms of demonstrasie te bly.**
- **Enige persoon wat tydens die byeenkoms 'n oortreding begaan, arresteer.**

## Wat is die regte en verantwoordelikhede van die protesteerders?

Enige protesteerder het die reg op en verantwoordelikheid teenoor:

- Godsdiensvryheid, geloof en opinie. Dit beteken dat jy die reg het om te dink, te glo en te aanbid soos jy verkies.
- Vryheid van uitdrukking. Elke persoon het die reg om wat hy wil te sê, te lees en te bestudeer. Haatspraak word nie toegelaat nie.
- Byeenkoms, demonstrasie, linievorming en petisie. Almal het die reg om ‘n demonstrasie of protesaksie te hou of daaraan deel te neem en ‘n petisie voor te lê. Dit moet altyd vreedsaam gedoen word.
- Arbeidsverhoudings. Jy het die reg om by vakunies aan te sluit en te staak. Elke werker en/of werkgewer het die reg om te organiseer en te onderhandel om hulle doelwitte te bevorder. Dit moet wettig en sonder enige intimidasie teenoor niestakende werkers gedoen word.



# Die rol van die SAMRK

**DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE (DIE KOMMISSIE) IS 'N NASIONALE MENSEREGTE-INSTELLING WAT DEUR DIE GRONDWET GEVOLMAG WORD OM MENSEREGTE IN DIE LAND TE BESKERM, BEVORDER EN MONITOR. VERDER HET DIE KOMMISSIE OOK 'N MANDAAT OM MENSEREGTE TE ONDERSOEK, TE RAPPORTEER, REGSTELLING WAAR TOEPASLIK TE FASILITEER, NAVORSING UIT TE VOER, EN MENSE OOR MENSEREGTE OP TE VOED.**

Die Kommissie word bemagtig in terme van Artikel 13 en 14 van Wet 40 van 2013 die Wet op Suid-Afrikaanse Menseregte, om ondersoekende verhore uit te voer oor sake van openbare belang ten einde aanbevelings te maak wat poog om op te tree teen menseregteskendings.

Gedurende 2016 het die Kommissie 'n Nasionale Verhoor oor die Impak van Protesverwante Aksies op die Reg op Basiese Onderwys uitgevoer. Die Kommissie het onder andere bevind dat:

- Die reg op basiese onderwys word beïnvloed deur protesverwante aksies wat spruit uit oorsake wat in die meeste gevalle onverwant is aan die voorsiening van basiese onderwys.
- Protesteerders wat toegang tot basiese onderwys verhinder, skend die reg tot basiese onderwys van die geaffekteerde leerders.
- Die leerders word benadeel deur sekere protesverwante aksies in soverre hulle as gevolg daarvan fisies afgesper of geïntimideer word om nie skool by te woon nie, en as infrastruktuur waarop leerders staat maak vir toegang tot onderwys, beskadig of vernietig word.

- Die Departement van Basiese Onderwys en die SAPD se reaksie was in sommige gevalle stadig, en dit lyk asof geen uniforme beleid of benadering om hierdie insidente te hanteer, in plek is nie.
- Die gebrek aan behoorlike en doeltreffende kommunikasie tussen owerhede en geraakte gemeenskappe soek maniere om die aandag op hulle probleem te vestig. Deur skole te teiken, word kinders se reg tot basiese onderwys ondermyn.
- Die verantwoordelikheid om die veiligheid van leerders, opvoeders en skole te verseker, rus nie net op een departement nie, en dit was onduidelik watter departement die leiding geneem het in gevalle waar protesverwante aksies skole geteiken het.
- In sommige instansies het die ineenstorting van leierskap op plaaslike regeringsvlak 'n negatiewe uitwerking gehad op pogings om hierdie probleme wat opduik, aan te spreek, en het dit sodoende die reg op basiese onderwys ondermyn.
- Daar is 'n behoefte aan staatsdepartemente, veral op plaaslike vlak, om beter met gemeenskappe oor belangrike gemeenskapsake te skakel.
- Daar is 'n behoefte om mense aan te moedig om nuwe maniere te vind om hulle bekommernisse uit te spreek sodat hulle aksies nie 'n negatiewe impak het op ander regte soos die reg op basiese onderwys nie.

## Gemeenskap protesteer in getalle

**Inligting verskaf deur die SAPD gedurende die SAMRK se Nasionale Ondersoekende Verhoor oor die Impak van Protesverwante Aksies op die Reg op Basiese Onderwys wat gedurende 2016 in Braamfontein gehou is, het aangetoon dat:**

- **In die 2012 – 2014 driejaarperiode Gauteng meer protesaksies as enige ander provinsie ervaar het.**
- **Kaapstad die mees protesvatbare munisipaliteit was met 84 protesoptogte, gevolg deur Johannesburg, Thekwini, Tshwane en Ekurhuleni. Tussen hulle het hierdie vyf metromunisipaliteite gesorg vir die helfte van alle proteste wat opgeteken is.**
- **Die voorkoms van geweld wat met protesaksies geassosieer word, voortdurend gestyg het. Die aantal gewelddadige protesaksies het in 2014 'n rekordhoogte bereik. In 2007 is net die helfte van die protesaksies met 'n mate van geweld geassosieer. In 2014 het byna 80% van die protesaksies geweld aan die kant van die deelnemers of owerhede ingesluit.**

## Nuttige skakels

Die Kantoor van die Hoë Kommissaris vir Menseregte – **www.ohchr.org.za; freeassembly@ohcr.org.za** (Verenigde State se Spesiale Rapporteur oor die reg op vryheid van vreedsame byeenkoms en assosiasie).

Die Instituut vir Vryheid van Uitdrukking – **www.fxi.org.za**

Die verslag is beskikbaar op die webtuiste www.sahrc.org.za

# Kontakbesonderhede

## PROVINSIALE KANTORE

### Oos-Kaap
4de Vloer, Oxford house,
Oxfordstraat 86, Oos-Londen, 5200
Tel: 043 722 7828/21/25 | Faks: 043 722 7830

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Abongile Sipondo***
Kontak: Yolokazi Mvovo
E-pos: ymvovo@sahrc.org.za

### Vrystaat
Kellerstraat 18, Bloemfontein
Tel: 051 447 1130 | Faks: 051 447 1128

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Thabang Kheswa***
Kontak: Alinah Khompeli
E-pos: akhompeli@sahrc.org.za

### Limpopo
1ste Vloer, Kantoor 102, Biblioteek,
Garden Square, Hoek van Schoeman- en
Groblerstraat, Polokwane
Tel: 015 291 3500 | Faks: 015 291 3505

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Victor Mavhidula***
Kontak: Mahlatse Ngobeni
E-pos: mngobeni@sahrc.org.za

### Noord-Kaap
Mark- en Scotweg 45,
Ancorley-gebou, Upington
Tel: 054 332 3993/4 | Faks: 054 332 7750

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Chantelle Williams***
Kontak: Zukiswa Louw
E-pos: zlouw@sahrc.org.za

### Wes-Kaap
7de Vloer, ABSA-gebou,
Adderleystraat 132, Kaapstad
Tel: 021 426 2277 | Faks: 021 426 2875

**Provinsiale Bestuurder**
***Adv Lloyd Lotz***
Kontak: Shafeeqah Salie
E-pos: ssalie@sahrc.org.za

### Gautengkantoor
2de Vloer, Braampark Forum 3,
Hoofdstraat 33, Braamfontein
Tel: 011 877 3750 | Faks 011 403 0668

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Buang Jones***
Kontak: Nthabiseng Kwaza
E-pos: nvkwaza@sahrc.org.za

### KwaZulu-Natal
1ste Vloer, Margaret Mncadi 136, Durban
Tel: 031 304 7323/4/5 | Faks: 031 304 7323

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Tanuja Munnoo***
Kontak: Kathleen Boyce
E-pos: kathleenboyce@sahrc.org.za

### Mpumalanga
4de Vloer, Carltex-gebou,
Bellstraat 32, Nelspruit
Tel: 013 752 8292 | Faks: 013 752 6890

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Eric Mokonyama***
Kontak: Carol Ngwenyama
E-pos: cngwenyama@sahrc.org.za

### Noord-Wes
Heystekstraat 25, Rustenburg
Tel: 014 592 0694 | Faks: 014 594 1069

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Mpho Boikanyo***
Kontak: Poppy Mochadibane
E-pos: pmochadibane@sahrc.org.za

## Hoe om die SAMRK te kontak

Forum 3, Braampark Kantoorpark, Braamfontein

Johannesburg

Tel No: 011 877 3600

www.sahrc.org.za

E-pos: info@sahrc.org.za

complaints@sahrc.org.za

Twitter: @SAHRCommission

Facebook: SA Human Rights Commission

south african human rights commission